KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za

BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



Gelukkige verjaardag

Andrew	Fraser	09/13
Mischa	van Wyk	09/13
Louis	Knobel	09/14
Wessel	Lourens	09/14
Magda	Steyn	09/14
Jurie	Bester	09/15
Petro	Coetzee	09/15
Handie	Visser	09/15
Hildegard	Fourie	09/16
Almarié	Conradie	09/17
Retha	Gericke	09/17
Christiaan	Shepherd	09/17
Annalie	van Jaarsveld	09/18
Edna	Coetzee	09/19
Yolanda	de Waal	09/19
Ronél	Reesberg	09/19

AGULHAS-KLAVIER Baie dankie aan Antonie Schutze wat vir die Agulhas-klavier wiele aangesit het. Nou kan ons die klavier draai en swaai sonder om bang te wees dat dit sal seerkry of die vloer gekrap sal word. Ons waardeer jou harde werk en vakmanskap. Baie dankie!

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

BULLETIN

13 September 2026

WELKOM!

EREDIENSTYE 13/09
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Sinodale Kollekte
Studentebearbeiding

Dinsdag
11h00 L'Agulhasblokbyeenkoms

Woensdag
10h30 80+ tee

Vrydag
07h30 Mannebybelstudie
Hoenderbraai

EREDIENSTYE 20/09
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale Kollekte
Veritas Msinga

Raad vir ekologies sinvol leef.
Die laaste van die drie R'e is "recycling." Het jy geweet dat materiale soos glas en aluminium vir byna altyd herwinbaar is? Papier kan tot agt keer herwin word voordat die vesels te fyn raak vir papier. Dit verg baie minder water en elektrisiteit om materiaal te herwin as om dit van nuuts af te vervaardig. Herwinning maak ekologies, esteties en ekonomies sin.

DANKIE VIR:
1. Elim Slaghuis se skenkings vir ons wildspasteie.
2. Almal wat hulle dienste so geredelik aanbied wanneer daarvoor gevra word op ons Netwerk WhatsAppgroep.
3. Die moeite wat Christa - Marié doen om ons verskillende stemgroepe se koorstukke in MP3 - formaat aan te stuur.
4. Die aansteek van die kers ter voorbidding vir die Dienssentrum.
5. Almal wat by die Dienssentrum help en hulle fondsinsamelings ondersteun.
6. Die goeie ondersteuning van ons materiaal se uitverkoping. Dankie vir die dames wat help en vir almal wat materiaal geskenk het daarvoor.
7. Die vrolike blommeruiker laas Sondag met die inlei van ons lentemaand.
8. Genade.

80 - Plussers Tee
Kontak asseblief vir Bernie Badenhorst (0836275912) of Kobus Smith (084 240 6891) as jy **VERVOER** benodig. Daar gaan 'n lewendige BOERE-ORKES wees met Anton, Kobus en Pieter. KOM! Ons wil julle BAIE graag bederf.

LIDMAAT VERKIES TOT DIE KERKRAAD op die Kerkraads-vergadering van 1 September 2026:
Diaken: Seesaligblok: Gusta Smit

Teksvers: 2 Kor 4: 16 Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.

Ons bid vir...

1. Studentebearbeiding
2. Almal wat betrokke was by Nampo.
3. Atlete wat gaan deelneem aan die Voet van Afrika.
4. 'n Geseënde Blokbyeenkoms vir die L'Agulhaswyke.
5. Die 80 - Plusserstee.
6. Ons Lentebasaar.
7. Kinders en studente wat toetse en/of eksamen skryf.
8. Onderwysere en dosente wat al die eksamenskrife moet nasien en rapporte moet opstel.
9. Reën.
10. Die verkiesing wat nader kom.
11. Elke lidmaat.

KARAOKE—Hou jy van die 60s, 70s, 80s se musiek? Ondersteun dan asseblief ons KARAOKE wat op 23 Oktober plaasvind in Struisbaaikerk.18h00. R50 per persoon. Afrikaanse liedjies moet sommer nou al deurgegee word, asseblief. Bel of WhatsApp jou lied se naam en kunstenaar se naam vir Joanie by 072 5193170 as jy gaan deelneem. Alida en Mat moet dit dan soek en laai. Engelse musiek is makliker bekombaar.
Bring die familie en vriende!

Vir ons kinders

Jou reputasie.

"Doen dit, doen dit, doen dit!" So weerklink die dreunsang in die kafeteria by die skool. Nou dit kan net een ding beteken - 'n kos - uitdaging. Dit is wanneer almal se verskillende kossoorte op 'n hoop geskep word en iemand aangehits word om dié deurmekaar konkoksie op te eet. Luca, die seun wat die kos moes opeet, se hand het al bewende nader en nader aan sy mond gekom met 'n lepelvol van die deurmekaarspul. Hy het al sy wilskrag ingespan om te wys dat hy nie te bang is om die kos te eet nie. Sy onderwyser, wat alles sien gebeur het, wou hom nog keer, maar Luca het net gesê: " Ek kan dit doen." Net voordat Luca die konkoksie hap, spring sy vriend (Norman) op en gil: "Stop!" Die ander kinders het hulle sommer bloediglik vir Norman vererg en skree: "HOEKOM het jy dit nou gedoen? Luca wou dit eet!" Norman gee toe hierdie prysenswaardige antwoord: "Ek is sy beste vriend en ek gaan nie toelaat dat enigiemand my reputasie skaad nie. Ek gaan nie sit en kyk hoe Luca homself siek maak nie!" Watter tipe vriend is jy? Sal jy ook jou vriend teen slegte ervarings beskerm? Of gee jy toe aan groepsdruk? Onthou ... jou reputasie is op die spel!

Fokus en Roeping - Studentebearbeiding het die roeping om studente te ondersteun en te begelei sodat hulle in 'n uitdagende wêreld kan floreer en geestelik kan "blom".

Doen & Deel

Prof.Elna Mouton se brief, gedeel met haar toestemming. Gedagte vir September.
Soos die skepping my in 'n nuwe seisoen verwelkom, wil ek myself toelaat om rustiger te leef. Meer bewustelik. Met dank en verwondering. Om meer tyd te maak om oor die wonder én misterie van God se hierwees te dink. En die verskil wat dit veronderstel is om aan my lewe te maak... Ek wil meer stil word en nadink oor hoe God my en my naastes elke dag beskerm, inspireer, in staat stel. En hoe God mense, woorde en natuurwonders daarvoor gebruik. Ek wil God toelaat om my in die nuwe seisoen skoon te snoei van bagasie wat ek nie meer nodig het nie - letterlik en figuurlik. Ek wil oop wees vir nuwe maniere van "wees" in die wêreld. Oop vir nuwe gewoontes wat my gedagtes en tyd in betekenis anker. Oop om sagter te werk met myself. Oop om roetinetake as deel van God se versorging van liggaam, gees en omgewing te sien. Bewus van my moontlikhede én perke, wil ek vir myself realistiese, volhoubare doelwitte stel: van stap tot water drink, van lees en musiek maak tot genoeg rus... Nouja my liewe Beloftebos-vriendin, soos afgespreek, rond hierdie paar gedagtes dan ons héérlike reis van die afgelope ses maande formeel af. Mag ons oop bly om immer núút deur God se goedheid en guns verras te word!
Al my liefde en waardering, Elna

Doen & Deel

KOOR—Let wel, asseblief. Ons koor-oefening vind hierdie week om 15h30 plaas by STRUISBAAIKERK en dis WOENSDAG, 16 September. Kom sluit by ons aan. Ons begin oefen vir ons Kersfeesoptrede. Kontak: Christa - Marié Williams (082 556 2850) of Karin Michau (072 347 6568)

DINK & DOEN

Vir ons dames, daar word 'n lekker saamkuier om 'n koppie koffie vir volgende kwartaal beplan. Niks verder vir hierdie kwartaal nie. Die plek en tyd en datum sal nog deurgegee word. As jy wil, kan jy dan iets saambring wat jy gemaak het of 'n goeie wenk met ons deel. Dalk in die lyn van naaldwerk of borduurwerk ook. Net 'n informele leer - mekaar - ken.
Kontak Joanie (072 519 3170)

HOENDERBRAAI - Vrydag 18 September.
Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 083 286 3976 as jy wil bestel. Fondsinsameling vir Kenia. Ons vorige verkope was 113 hoenderetes en 77 poedings.'n Wins van R4826 is getoon. Dankie vir almal se ondersteuning.